

IN DIE SKRIFLIG

Die fundamentele karakter van die gereformeerde Teologie is dat dit die heilige Skrif beskou as die *principium unicum* van die Teologie. Die woord principium hou meer in as dat die Woord van God die beginsel is van die teologiese wetenskap; dit beteken ook fondament, objek van ondersoek, bron en norm. En die woord unicum dui die Woord van God aan as eksklusief die enigste principium van die Teologie; 'n principium wat in sy eksklusiwiteit nie verlaag mag word tot blote norm of tot een van meer principia nie en ook daaraan nie ondergeskik gemaak mag word nie. Die Woord alleen is principium, en nie ook subjektiewe religieuse of etiese oorweginge of gewaarwordinge nie; ook word die belydenis of die tradisie van die kerk nie verhoog tot kenbron of principium van die Teologie nie.

Met die erkenning van hierdie enigste principium van die Teologie gaan onafskeibaar gepaard die erkenning van die uiteraard Goddelike gesag van die Skrif oor alles, besonderlik ook oor die Teologie en die teoloog. As God gespreek het, is alle twyfel op 'n einde; en Sy sprake, as Woord of ook wel Openbaring kom met 'n gesag wat hoog bo alle ander gesag uitgaan, waarvoor juis alle ander gesag moet wyk. Vir die gereformeerde Teologie is die gesag van God se Woord onfeilbaar, absoluut en Goddelik en daarvoor wil en moet die Teologie onvoorwaardelik buig.

Omdat die Woord van God principium van die Teologie is, en omdat dit die middel is waardeur die Heilige Gees die geloof in die harte werk, en omdat die ware geloof in Jesus Christus die enigste kwalifikasie vir kerklidmaatskap is of behoort te wees (hier ook bedoel die instituut van die kerk), is daar ook 'n bepaalde en belangrike band tussen die geïnstitusioneerde kerk en die Teologie. Die beoefening van die Teologie geskied in persoonlike en gelowige verbondenheid aan die principium unicum en die band wat die teoloog aan die kerk bind, is die belydenis van die kerk wat deur hom gelowig aanvaar en onderskryf word. As wetenskap staan die Teologie egter vry van die kerk, alhoewel dit 'n bepaalde en dienende taak vir die kerk vervul; dit moet naamlik die kerk bly konfronteer met die norme van die Woord van God vir die leer en die lewe. (Hierdie dienende taak van die Teologie openbaar hom trouens ook in die verhouding tot ander wetenskappe wat hulle ook (moet) oriënteer aan die Woord van God. Die Teologie is gerig op die Openbaring van God, dit het die Woord van God as objek en bron en gee die lig daarvan dienend deur aan ander wetenskappe.)

Ooreenkomstig hierdie drie grondliggende stelling (die gereformeerde Teologie erken die Woord van God as principium unicum, erken die Goddelike gesag daarvan en erken die bestaan van 'n verhouding Teologie, teoloog-kerk, blydenis) wens IN DIE SKRIFLIG in ootmoed en beskeidenheid 'n hydrae te lewer tot die ontwikkeling en uitbouing van die gereformeerde Teologie. Dit word gedoen in die wete dat enersyds 'n volhardende stryd gevoer moet word vir die behoud van die principium en die gesag van die Woord, en dat andersyds aansienlike verskille en nuanseringe bestaan het en nog bestaan oor die verhouding Teologie-belydenis van die kerk. En as hierdie hydrae dusdanig aangebied word, hoef dit nie 'n diskussie oor die drie groot beginsels uit te sluit nie; veeleer is dit die bedoeling dat dit 'n prikkel moet wees tot besinning, studie, diskussie en stellingname.

Hierdie sake is opsetlik eksplisiet gestel as uitgangspunt van IN DIE SKRIFLIG se beleid en bedoeling en ook as sy motief en bestaansgrond, omdat die Teologie hom hedendaags besonderlik beweeg rondom allerlei vrae oor die leer van die Skrif en die plek en binding daarvan in die beoefening van hierdie wetenskap. En dat die tydskrif juis nou verskyn, word deur die Gereformeerde Teologiese Vereniging gesien as leiding van die Heilige Gees, omdat dit voorsiening is in 'n behoefte wat met die jare dringend intens geword het en omdat die uiters noodsaaklike voorsiening juis in hierdie tyd plaasvind.

Soos daar immers op die gebied van die natuur-, die ekonomiese en die sosiologiese wetenskappe 'n geweldige en oorstelpende groei plaasgevind het, so het ook in die Teologie 'n enorme ontwikkeling plaasgevind. Boeke en tydskrifte van allerlei wetenskaplike aard laat boekrakke uit hulle nate bars en op die teologiese boekemark word gesprek van 'n stortvloed. Die teoloog en die teologiese blad kan van hierdie stortvloed óf geen notisie neem nie óf dit die rug toe keer óf dit probeer inneem en nie verteer nie óf oriënterend en selektief te werk te gaan. En die vraag mag wel gestel word: Moet by die oorfloed aan produksie en die nimmer-eindigende produktiwiteit nog 'n tydskrif bygevoeg word? Is daar by die meer as duisend tydskrifte op wetenskaplik teologiese gebied vir nog een plek? IN DIE SKRIFLIG wil hier vir die Teoloog en belangstellende in die Teologie diens verrig deur hom op beskeie wyse te help om te oriënteer, sy weg te vind in die berghoop van boeke en tydskrifte, en om daarin vir verskillende belangstellingsrigtinge selektief leiding te gee.

Die oriënterende en selektiewe optrede sluit egter nie een of ander teologiese vak of ook 'n positiewe hydrae tot die Teologie uit nie. Juis noop dit tot diepgaande kennisname van wat, veral oor kardinale sake, in die algemeen en besonderlik in die gereformeerde wêreld geproduseer word, om sodoende op hoogte te bly van belangrike ontwikkelinge. Met behoud van die gereformeerde beginsels vir die Teologie kan met die een hand vasgehou word aan 'n lang en imponerende ry teoloë van die verlede, en met die ander hand, gestuur deur die Woord van God en gelei deur die Heilige Gees, tastend afgesoek word in die hede om so 'n hydrae vir die toekoms te lewer. So is bedoeling én optrede positief.

Die tydskrif wil ook met die twee bene in die werklikheid van die Teologie staan. Dit is immers 'n werklikheid wat roep om 'n klinkende getuigenis van Jesus Christus en van die ewige waarhede en om 'n oortuigde handhawing van die erkenning van die Woord van God en sy gesag in die godgeleerdheid. Maar dan gaan dit nie om 'n ou of verouderde Teologie wat met 'n soort negatiewe ortodoksie of konserwatisme krampagtig die verlede vasgryp nie. Augustinus en Calvyn en Kuyper en Bavinck het gesprek en gelewe, maar mens kan hulle nie sonder ernstige skade op die boekrakke laat nie; nee, hulle spreek nog mee en mens bewonder nog die genialiteit van die grotes van weleer. Tog is nou aan die woord 'n Ridderbos, Berkouwer, du Toit, Snyman, Verhoef en ander vir wie niemand die ore mag sluit nie. En ook gaan dit nie om 'n nuwe of vernieuë Teologie nie (juis word sterk stelling ingeneem teenoor wat bekend begin word as die „Nuwe Teologie“). Dit gaan om die positiewe, volwasse, gereformeerde Teologie wat nie oud of jonk is nie, ook nie verouderd of vernuwe nie, maar organies lewenskragtig vir elke tyd waarin die hoogste Profeet en Leraar dit plaas.

Dit bring mee dat IN DIE SKRIFLIG hom uit die staanspoor o.a. besig sal hou met die volgende groot en brandende vraagstukke: die kerkbegrip en verwarring daaromheen, veral wat verhoudinge betref; die ekumene en die verhouding of selfs spanning waarheid-eenheid; die Skrif en sy gesag en die sg. ontmitologisering of verstaanbaarmaking van die Skrif; die Godsbegrip en die sg. ontpersoonliking van God deur sommige eksistensialiste en ook die ontgoddeliking van die religie; eksegetiese probleme rondom die eerste hoofstukke van Genesis; Hermeneutiese beginsels; kerkregtelike sake en die kerkbegrip; die sg. nuwe moraal; die prediking, kategetiese en pastoraat en die „social gospel“, pastorale-psigiatrie, ens.

* * *

Met hierdie opmerkinge oor bedoeling en beleid, word IN DIE SKRIFLIG aan 'n uiteraard beperkte leserskring aangebied. Dit is die vaste hoop van die Redaksie dat die tydskrif gunstig ontvang mag word, dat dit diensbaar mag wees aan Teologie en teoloog, dat dit tot 'n sieraad uitgebou mag word tot eer van God alleen.

Red.